# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 17

Johannes 17:6-8
Groei nader aan Christus
Deur sy Woord

Groei

## Inleiding

**Bybelstudie teks: Johannes 8:28-32 AFR20**

Ons het Sondag gehoor dat God sy Woord vir ons gegee het in mensetaal. Dit is in die vorm van die Bybel en Jesus, die Woord wat mens geword het. Die twee kan nie van mekaar losgemaak word nie, want dit is deur die Bybelse verhaal wat ons vir Jesus ontmoet en leer ken!

Die feit dat dit mensetaal is, beteken God praat baie eenvoudig en direk deur sy Woord op 'n manier wat alle mense kan verstaan.

Dit gee ons ook goeie leiding oor hoe om die Bybel te benader: Net soos alle mensetaal/kommunikasie. Ons maak mos nie 'n boek in die middel oop en lees 'n sin en verwag om werklik te verstaan wat dit sê en bedoel nie. Ons begin die boek voor en lees die verhaal soos dit ontvou om alles te verstaan. Jesus praat op 'n soortgelyke manier oor hoe die klimaks van die Bybelse verhaal ons ook help om die res daarvan uiteindelik te begryp:

**Lees nou die Bybelstudieteks vir hierdie week.**

Sondag het ons Johannes 17:6-8 gelees waar Jesus bid oor dieselfde saak as dit waaroor Hy hier met die Jode gepraat het. Dit gaan oor hóé God Homself aan hulle bekend maak sodat hulle die waarheid kan ken sodat die waarheid hulle kan vry maak; vry van hulle sonde, vry van hulle ou selfgesentreerde lewe, ook vry van hopeloosheid, vrees en hoogmoed en al die dinge wat ons as mense gevange hou in 'n doodsbestaan!
Op daardie stadium het Jesus vooruitgewys na sy kruisiging en opstanding deur in vers 28 te sê "Wanneer julle die Seun van die Mens verhoog het, dan sal julle begryp dat Ek Is, en dat Ek niks uit my eie doen nie, maar hierdie dinge sê net soos die Vader My geleer het."

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 17

Die "Ek Is" word hier doelbewus in ons vertaling met hoofletters geskryf omdat dit eintlik ook 'n verwysing is na God se naam toe Hy Hom aan Moses bekendgemaak het met die titel "Ek is wie ek is." (Eksodus 3:14)

Verder beskryf Jesus hoedat Hy niks uit sy eie gedoen het nie, maar net die Vader se woorde oorgedra het. In kort bedoel Jesus dat Hy God se Woord aan mense gebring het.

**Luister gerus weer na Sondag se preek om meer agtergrond te kry.**

Jesus is God se lewende en kragtige Woord wat mens geword het en sodoende ook God se Woord vir ons in mensetaal gebring het.

**Gesels nou verder in julle groepe hieroor.**

## Bespreking

**Vertel vir mekaar wat julle Sondag gehoor het. Dis ook 'n geleentheid vir die wat die diens kon bywoon of die preek aanlyn kon luister om vir die ander daarvan te vertel en dit te bespreek.**

**Lees nou Johannes 8:28-32 weer saam met Johannes 17:6-8 en bespreek die volgende:**

- Op watter manier help Jesus se lewe, sterwe en kruisiging julle om die res van die Bybelse verhaal en boodskap te verstaan?
- Die Woord kom na ons toe in die vorm van 'n mens, Jesus. En verder in mensetaal in die vorm van 'n verhaal deur menslike woorde wat ons na enige taal toe kan vertaal terwyl dit met ons praat op 'n manier wat vir almal verstaanbaar is.

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 17

Ons het ook Sondag gehoor dat God graag met ons wil kommunikeer op 'n manier wat elke mens kan begryp. Wat sê dit vir julle oor die manier waarop ons die Bybel moet benader? Hoe moet ons dit lees en interpreteer?

- Wat moet ons doen as ons sukkel om iets in die Bybel te verstaan?
- Alhoewel die Woord van God in mensetaal na ons toe kom, is dit steeds Sy Woord en dra dit Sy gesag. Wat is die implikasies daarvan oor die manier waarop ons met die Bybel omgaan? Bespreek hierdie vraag aan die hand van die volgende skrifgedeeltes: Matteus 5:17-18, Hebreërs 4:12-13.

**Die patroon wat Jesus se gebed in Johannes 17 uiteensit is dat Hy die Woord aan die dissipels oorgedra het en dat hulle dit geglo het. Dan getuig hulle weer om die beurt van die Woord (Dit is die Leer van die Apostels, soos dit in die Bybel versamel is.) en uit die wat hulle woorde aanhoor kom mense tot geloof. En so kring dit al verder uit!**

In Johannes 8, sowel as Johannes 17 spoor Jesus egter die wat glo aan om nie net die woorde eenmaal aan te hoor nie, maar om nou daarin te bly. Dit moet hulle daaglikse lewensbrood word! Dan sal ons geestelik groei en die Waarheid ken wat ons vrymaak!

- Hoe bly 'n mens in God se Woord? (Gesels prakties oor al die verskillende maniere waarop 'n mens dit doen.)
- Hoe kan julle as groep mekaar help om dit te doen?

Lees gerus die volgende verse uit Psalm 119 waar die digter die waarde van God se Woord vir hom beskryf. As daar in die groep tyd oorbly kan julle dit dan ook saam lees en met mekaar bespreek:

- Psalms 119:9-16, 49-56, 105, 111, 130, 133, 140, 151-152, 160-162

# SOMERSTRAND GEMEENTE

## Bybelstudie

# Johannes 17

### Bid saam

- Bid dat ons self in God se Woord sal bly.
- Bid dat die gemeente in Sy Woord sal bly.
- Bid dat die Kerk in Sy Woord sal bly.
- Bid vir sending en diegene wat geroep is om die Woord tot aan die uithoeke van die wêreld uit te dra.
- Bid ook vir ons getuienis as gemeente in Somerstrand, dat ons nie onsself en ons eie gedagtes sal oordra nie, maar dat ons die Woord wat ons van Christus ontvang het sal oordra in Woord en daad.
- Bid vir die wêreld wat nog nie gehoor het of begryp nie sodat hulle ook die lewensbron van God se Woord kan ontdek en daaruit kan begin leef.

### Diensbaarheid

Die liggaam van Christus is geroep om diensbaar te wees in die wêreld. Gesels en begin solank dink aan 'n aksie of projek waar julle as gesin of groep betrokke kan raak. Vra die Here om vir julle te wys waar Hy julle wil gebruik en waar daar behoefte is.

Vra julleself af: Wat is die ding wat ons as 'n besondere liggaamsdeel kan bied vir die gemeenskap?

### Notas:

........................................................................................................

........................................................................................................

........................................................................................................

........................................................................................................

........................................................................................................

........................................................................................................

# SOMERSTRAND GEMEENTE

## *Bybelstudie*

# Johannes 17

**Bespreking met kinders**

<table>
<tr><th>Groep</th><th>Onderwerp</th></tr>
<tr><td>Graad 8-11</td><td rowspan="2">God se Woord as Lig vir ons pad<br>Gesels met jou kind oor die volgende beeld:<br>Sit in 'n kamer wanneer dit skemer is buite. Skakel die lig van die vertrek af. Wys nou dat dit buite redelik lig lyk. Skakel die lig aan en wys dat dit nou donker lyk buite. Dit is hoe die Woord van God werk. Wanneer ons nie die Woord as Lig het nie, lyk dit buite eintlik heel lig. Die sonde lyk nie vir ons heeltemal so verkeerd nie. Maar sodra ons die Lig het, kan ons sien hoe donker dit regtig is; hoe donker en verkeerd die sonde is.<br><br>Gesels oor voorbeelde by die skool en sosiale geleenthede. Gesels ook hoe die Woord van God ons lei en ons die regte pad kan wys.</td></tr>
<tr><td>Graad 4-7</td></tr>
<tr><td>Graad 1-3</td><td>Gebruik dieselfde voorbeeld as bo. Gesels oor die Bybeltydlyn by die Sondagskool en vra jou kind uit daaroor. Gesels dat die Bybeltydlyn ons help om die stories van die Bybel te leer ken en dat ons op die manier kan leer hoe die Here ons deur sy Woord lei, selfs ook deur stories.</td></tr>
<tr><td>Voorskool</td><td>Gebruik ook die voorbeeld en gesels met jou kind oor die Here en hoe Hy ons leer deur sy Woord; vertel dat dit net soos 'n lamop is wat vir ons die pad wys</td></tr>
</table>